Wes-Kaapse Regering

Onderwys

VIR JOU

GRAAD 10

KWARTAAL 1

GESKIEDENIS

HULPBRONNEPAKKET

2025



Stigter van die Songhai-ryk Sunni Ali die Grote (1464 – 1492)

LEES EN RESPONS OP BRONNE

Dink krities wanneer jy bronne met bronne te doen het, hetsy in handboeke of aanlyn. **Die 5 Vaardigheidsbenadering** kan jou lei: Soek vir sleutelinligting, Ontleed besonderhede vir dieper begrip, Koppel idees om konteks te bou, Evalueer bronne vir betroubaarheid, en Som op om die hoofpunte te verstaan. Hierdie vaardighede sal nie net jou leer verbeter nie, maar jou ook bemagtig om 'n wêreld vol inligting te navigeer.

Die Benadering vra 5 vrae wanneer jy deur materiaal of bronne lees:

1. Wie? (Mense of Organisasies)
2. Wanneer? (Datums van historiese gebeure)
3. Waar? (Plekke, dorp, stede of lande)
4. Wat? (Inligting in die bron / paragraaf oor?)
5. Hoekom? (Redes waarom die historiese gebeurtenis /-se gebeur het?)

VERSTAAN DIE KOGNITIEWE VLAKKE

VLAK 1 (40%)

20 PUNTE

- **Onttrek bewyse** uit bronne
- Seleksie en organisering van **relevante inligting** uit bronne
- **Definisie** van historiese konsepte

VLAK 2 (40%)

20 PUNTE

- **Verduideliking/Definisie van historiese konsepte /** terme **(in die konteks van …)**
- **Interpretasie van bewyse** uit bronne
- **Verduidelik inligting wat** uit bronne **ingesamel is**
- **Ontleed / analiseer bewyse** uit bronne

VLAK 3 (20%)

10 PUNTE

- **Interpreteer** en **evalueer** bewyse uit bronne
- Skakel met bronne om die **bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel** en **beperkings** daarvan te bepaal
- **Vergelyk** en **kontrasteer** interpretasies en **perspektiewe** wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings
- **Interpretasie, evaluering** en sintese van bewyse uit relevante bronne **(paragraafskryf).**

WERKSWOORDE	BETEKENIS
BRONGEBASEERDE VRAE	
Lys, noem, …volgens die bron… Haal bewyse uit die bron aan Definieer die konsep… Wat verstaan jy van die konsep … in die konteks van…	Die antwoorde is in die bronne • Gebruik "aanhalingstekens …" wanneer jy die antwoord uit die bron onttrek/ aanhaal • Die konsep word gedefinieër in die bron • Die konsep soos wat dit verstaan en gebruik word in die inhoud
Verduidelik in jou eie woorde…	• Gebruik die inligting en verduidelik wat jy daarvan verstaan. Moenie die inligting in die bron oorskryf nie.
Vergelyk ooreenkomste/ verskille Vergelyk hoe die bronne mekaar ondersteun rakende…	• Identifiseer ooreenkomste/ verskille tussen twee bronne om die vraag te beantwoord • Let wel dat die puntetoekenning **(2x2)** beteken twee ooreenkomste moet gegee word. Jou antwoord moet wees: • Bron A toon dat … en Bron B ...) √√ • Beide bronne toon aan dat …) √√ **(2x2)**
Lewer kommentaar op Lewer kommentaar op die bruikbaarheid/ betroubaarheid/ beperkinge/ vooroordeling van die bron rakende…	• Geen jou opinie. Gebruik logiese denke, relevante inligting in die bron, sowel as jou eie kennis om jou opinie te staaf. **(2 x 2)** • Die bron is bruikbaar/ betroubaar/ beperkend/ vooroordelend omdat ... **(2x2)**
DIE SKRYF VAN PARAGRAWE	
Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf…	Jy moet die relevante bronne identifiseer. Gebruik die inligting in die bron wat jy benodig om die vraag te beantwoord. Verwys na die bronne waaruit jy die inligting onttrek het, bv. "Volgens Bron 1A…" **(8)**

VOORBEELDE VAN VLAK 1 EN 2 VRAE

VOORBEELDE VAN VLAK 1 ONTTREKKINGSVRAE

BELANGRIK: Wanneer jy hierdie vrae beantwoord, moet jy DIREK uit die bron aanhaal.

MOENIE parafraseer of die antwoorde in jou eie woorde skryf NIE!

1. **Gee** redes, uit die bron, **waarom**…
2. **Haal**…bewysstukke / redes uit die bron **aan**…
3. **Watter** bewyse in die bron **stel voor**…
4. **Noem**…versoeke / enige lande / persone / magte uit die bron…
5. Volgens die bron**, noem…**
6. **Wie**, volgens die bron…
7. **.Wanneer,** volgens die bron...
8. **Waarom**, volgens die bron…
9. **Wat**, volgens die bron…
10. **Watter…** volgens die bron…
11. **Hoe,** volgens die bron…
12. **Identifiseer** in die bron…
13. **Gee** enige…in die bron…
14. **Lys** enige... **/ Maak `n lys** van…in die bron

VOORBEELDE VAN VLAK 2 INTERPRETASIE- & VERDUIDELIKINGSVRAE

BELANGRIK: Wanneer jy hierdie vrae beantwoord, moet jy interpreteer en verduidelik. MOENIE sinne uit die bron onttrek nie. Skryf die antwoorde in jou EIE woorde!

1. **Lewer kommentaar** op die slagspreuk/betekenis/implikasie van die stelling…
2. **Lewer kommentaar waarom...**
3. **Verduidelik** die term/konsep…
4. **In konteks van**...verduidelik die term/konsep...
5. **In konteks van**...wat word geïmpliseer...
6. **In konteks van**...watter gevolgtrekking kan uit die foto/spotprent gemaak word rakende...
7. **Verduidelik waarom/hoe…**
8. **Verduidelik** die boodskappe/betekenis…
9. **Verduidelik wat die spotprenttekenaar bedoel met...**
10. **Waarom,** dink jy…
11. **Waarom het** die...
12. **Gebruik die inligting** in die bron en **jou eie kennis** en **lewer kommentaar** op die stelling…
13. **Gebruik die inligting in die bron** en jou **eie kennis**, **verduidelik waarom**…
14. **Waarna verwys** die stelling…
15. **Wat word bedoel** met…

HERSIENING: VOORBEELDE VAN BRONGEBASEERDE VRAE

Die Brongebaseerde Afdeling (Grade 10-12) word altyd uit 50 punte ge-assesseer! Die versameling hersieningsvrae is nie altesaam 50 punte nie omdat die fokus op die konsolidering van verskeie Geskiedenisvaardighede is.

- *Elke brongebaseerde afdeling word gelei deur 'n SLEUTELVRAAG.*
- *Lees die sleutelvraag*
- *Onthou die sleutelvraag terwyl jy die bronne lees en die vrae beantwoord*
- *Dit sal jou help om die paragraaf te skryf.*

SLEUTELVRAAG: HOE HET SUNNI ALI SONGHAI VAN 'N VASAAL STAAT VERANDER OM 'N RYK TUSSEN 1463 EN 1492 TE WORD?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- ***Volgens die bron:*** *Gebruik die inligting in die bron om die vraag te beantwoord*
- *Onttrek inligting direk uit die bron*
- *'Wie'- identifiseer 'n persoon*



1.1.1 Watter ryk, volgens die bron, is as die belangrikste ryk in Wes-Afrka vervang? (1 x 1) (1)

- ***Volgens die bron:*** *Gebruik die inligting van die bron om die vraag te beantwoord.*
- *Onttrek inligting direk uit die bron.*
- *'Waarom'- verskaf 'n rede*



1.1.2 Definieer die konsep "ryk" in jou eie woorde? (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik waarom Mali as 'n ryk agteruit gegaan het en uiteindelik deur Songhai vervang is. (1 x 2) (2)

- ***Volgens die bron:*** *Gebruik die inligting in die bron om die vraag te beantwoord.*
- *Onttrek inligting direk uit die bron.*
- *'Hoe' –identifiseer die 'wyse' (hoe dit gedoen is)*



1.1.4 Identifiseer die TWEE Islamitiese koninkryke wat deur Sunni Ali verslaan is. (2 x 1) (2)

1.1.5 Verduidelik Sunni Ali se houding teenoor die Islamitiese godsdiens. (1 x 2) (2)

- ***Identifiseer/ Lys/ Noem:*** *skryf kort antwoorde neer sonder om verduidelikings te gee.*
- *Die antwoorde kan direk uit die bronne onttrek word.*



1.2 **Bestudeer Bron 1B.**

- *Bewyse- 'om te toon/ wys dat 'n stelling waar is.'*

1.2.1 Noem DRIE groot stede van die Songhai-ryk. (3 x 1) (3)

- *Jy moet die inligting in die bron interpreteer en verduidelik.*
- ***Verduidelik waarom****: verskaf 'n gedetailleerde REDE wat op feite gebaseer is*



1.2.2 Identifiseer VIER moderne state wie se grondgebiede deur die Songhai-ryk gedek word. (4 x 1) (4)

1.2.3 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing oor die Songhai-ryk doen. (2 x 2) (4)

1.3 **Raadpleeg Bron 1C**

1.3.1 Wie was verantwoordelik vir die stigting van die Songhai-ryk? (1 x 1) (1)

1.3.2 Verduidelik hoe Sunni Ali die ou Mali-ryk verower het. (1 x 2) (2)

1.3.3 Identifiseer die nie-militêre innovering (verandering) wat Sunni Ali na Songhai gebring het wat voedselproduksie van baie gebiede verbeter het. (1 x 2) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar oor die belangrikheid van die Niger-rivier in die ontwikkeling van die Songhai-ryk. (1 x 2) (2)

1.3.5 Definieer die term vasaalstaat in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

- Gebruik jou eie woorde om die konsep / woord ***relevant tot die onderwerp te verduidelik.***
- *Jy moet so ver as moontlik jou eie woorde gebruik, selfs al is die definisie in die bron.*



1.3.6 Verduidelik hoe Sunni Ali in staat was om die verowerde gebiede in te val en die Songhai-ryk uit te brei. (1 x 2) (2)

Vergelykende vrae:

- *Lees Bron 1A en 1C en soek ooreenkomste*
- *Versamel inligting van beide bronne wat mekaar ooreensteun.*
- *Byvoorbeeld, jy sal sê: "Bron 1A sê dat…"en "Bron 1C bevestig dit deur te sê …"*
- *Onthou: vind 'n skakel in beide bronne om te vergelyk*
- *Indien die puntetoekenning (2x2) (4) is, moet jy die bronne TWEE KEER vergelyk.*

1.4 **Vergelyk Bronne 1A en 1C.** Verduidelik hoe die inligting in Bronne 1A en 1C mekaar ondersteun aangaande die groei van die Songhai Ryk. (2 x 2) (4)

1.5 **Verwys na Bron 1D**

1.5.1 Definieer die konsep absolute monargie in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.5.2 Hoe, volgens die bron, het Sunni Ali sy posisie en gesag as 'n absolute monarg (keiser) beskerm. (3 x 1) (3)

1.5.3 Verduidelik hoe Sunni Ali verseker het dat die verowerde afhanklike state lojaal aan die Songhai-ryk gebly het. (1 x 2) (2)

Hoe om 'n paragraaf te skryf:

- *Lees die bronne (addendum) met insig en besluit watter inligting jy kan gebruik om die vraag te beantwoord.*
- *Hou die sleutelvraag in gedagte wanneer jy lees. Analiseer elke vraag terwyl jy die ander vrae in die brongebaseerde afdeling beantwoord.*
- *Jy moet die inligting onderstreep of notas maak langs die bronne. Hierdie inligting kan jy later gebruik om die paragraaf te skryf.*
- *Wanneer jy jou paragraaf skryf moet jy die inligting wat jy bymekaar gemaak het deurgaan en die toepaslike inligting kies.*
- *Verwys na die bronne wat jy gebruik het om jou inligting te kry, bv. "in Bron 1C…"*
- *"Eie kennis" moet gebruik word om uit te brei oor die inligting wat die bronne verskaf.*

- *Onthou: fokus op die sleutelvraag en nie die ONDERWERP nie.*
- *Leerders kry slegs 2 uit 6 (maksimum) indien hul die paragraaf beantwoord deur 'kolle' te gebruik.*
- *Onthou ook: indien jy die paragraaf opbreek, bv. deur twee paragrawe te skryf, sal slegs die eerste gedeelte gemerk word.*
- *Indien jy gedeeltes van die bronne direk oorskryf sal jy geen punte ontvang nie!*

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reels (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Sunni Ali Songhai van 'n afhanklike staat verander het om 'n ryk tussen 1463 en 1492 te word. (6)

OPSTELVRAAG: EUROPESE UITBREIDING EN VEROWERING IN DIE 15DE EN 18DE EEUE: DIE SPAANSE VEROWERING IN DIE AMERIKAS

Jou opstel moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.

Die Spanjaarde kon maklik die Asteke in die 15de en 18de eeue oorwin.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou antwoord deur relevante bewyse te gebruik. [50]

Die inleiding

- *Jou inleiding moet direk gekoppel wees aan die vraag (nie onderwerp nie)*
- *Wys die hoof-argument wat jy in die opstel gaan ontwikkel (standpunt)*
- *Dit is belangrik om 'n sterk en duidelike inleiding te gee*
- *'n Nasiener kan duidelik van jou inleiding aflei of jy verstaan wat van jou verwag word.*
- *Die inleiding moet ongeveer vyf tot sewe reëls lank wees.*

- Beplan jou opstel, skep 'n 'breinkaart'' wat handel oor die hoofpunte wat jy in die opstel gaan gebruik om jou argument te staaf. Ons het 'n 'breinkaart' vir jou begin.

Liggaam van die Opstel= Gebruik die PVVL-METODE

- *Die eerste sin van die paragraaf sal gewoonlik die hoofkwessie (PUNT) uitwys.*
- *Die res van die paragraaf sal die punt met bewyse ondersteun (VERDUIDELIKINGS EN VOORBEELDE)*
- *Die laaste sin kan 'n SKAKEL maak met die voorafgaande inhoud van die paragraaf of kan terug verwys na die vraag.*

Punte oor styl

- *Jou opstel moet die korrekte struktuur hê (los 'n reël oop tussen elke paragraaf)*
- *Onthou dat iemand anders jou werk gaan lees. Hul moet verstaan wat jy bedoel. Jy moet in volsinne skryf en paragrawe gebruik om jou opstel te struktureer.*
- *Daar moet geen opskrifte wees nie!*
- *Vermy 'Ek' en 'ons'*
- *"SMS"-taal mag nie gebruik word nie*

VRAAG 1: HOE HET SUNNI ALI SONGHAI VAN ‘N ONAFHANKLIKE STAAT VERANDER OM ‘N RYK TYSSEN 1463 EN 1492 TE WORD?

BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die oorsprong van die Songhai-ryk.

Die Songhai-ryk (ook bekend as *Songhay*, 1460 tot 1591) het Mali as die belangrikste ryk in Wes-Afrika (wat moderne state Mauritanië, Senegal, Nigerië en Mali insluit) vervang. Dit het as ‘n kleiner koninkryk langs die oostelike kant van die Niger-rivier ontstaan. Songhai se grondgebied sou dramaties uitbrei vanaf die bewind van koning Sunni Ali (1464-1492).


Teen die 11de eeu het Songhai 'n groot uitvoerbedryf langs die Niger-rivier vanaf die administratiewe stad Gao beheer. In 1323 het die leërs van die Mali-ryk Gao binnegeval en oorgeneem en Songhai 'n afhanklike staat van Mali gemaak. In die 15de eeu het ongekontroleerde groei en politieke binnegevegte Mali verhinder om afhanklikheid onder hul state aan te spreek.

Sunni Ali, wat in 1464 Songhai-koning geword het, het die weermag gelei om Gao teen die Mossi-koninkryk te verdedig. Nadat die stad Gao beveilig is het Songhai 'n program van militêre uitbreiding begin en uiteindelik die Niger-rivierdelta en die trans-Sahara-handelroetes beheer. In 1471 het Songhai die intellektuele en kulturele stad Timboektoe van die Taureg verower. Kort daarna in 1473 is die ekonomiese stad Djenne ook verower. Teen 1480's was die Islamitiese koninkryke van Taureg en die Mossi onderwerp (verslaan) en geïntegreer in die Songhai-ryk … Sunni Ali se administrasie het die Islamitiese gemeenskap kwaad gemaak deur gelyke status aan inheemse Afrika-tradisionele godsdiens te verleen en die mag en invloed van die Islamitiese geleerdes te verminder.

[Vanaf htts://www.worldhistory.org toegang verkry op 7 Maart 2023]

BRON 1B

Die kaart hieronder toon die Songhai-ryk en die moderne Afrika-state wat dit dek.



Toegang: https://worldinterestingfacts2023.blogspot.com/2023/06/ancient-african-empires.html on 8 March 2024

BRON 1C

Die bron hieronder fokus op die rol wat Sunni Ali in die vestiging van die Songhai-ryk gespeel het.

... Rondom 1468 het Sunni Ali die tradisionele Songhai-taktiek van klein en sporadiese strooptogte op sy vyande na 'n meer volgehoue veldtog van permanente gebiedsuitbreiding verander. Met 'n leër toegerus met gepantserde kavallerie (perdesoldate) en die enigste vloot (rivierleër) in Noord-Afrika, wat hy op die Niger-rivier ontplooi het, kon Sunni Ali die ou Mali-ryk verower.

Sunni Ali het het sy beeld as towenaar van die inheemse Afrika-godsdiens gebruik om vrees in sy vyande te slaan. Hy was ook suksesvol om toegeeflik sowel as om genadeloos te wees. Verslane krygers is byvoorbeeld genooi om by sy leër aan te sluit en baie van die weerstandige stamme is tereggestel (dood gemaak). Daarom is die keiser “Sunni die Genadelose” genoem. Sunni Ali se strydtaktiek om die vyand met oorweldigende mag en uiterste spoed aan te val was selfs meer effektief. Verowerde gebiede is in provinsies verdeel en deur 'n goewerneur regeer wat deur die koning self aangestel is. Sunni Ali het huldeblyke van afhanklike state (vasaalstate) geëis en huwelike vir die plaaslike hoofmanne gereel. Hy het so politieke alliansies geskep. Sunni Ali het baie waterkanale langs die Niger-rivier gebou wat die besproeiing en landbou produksie van baie gebiede verbeter het.

Die Islamitiese godsdiens, wat lank in Mali gevestig is, het 'n bedenklike (riskante) bestaan in die Songhai-ryk gehad. Sunni Ali was hewig anti-Moslem. Hy het die Moslems as buitelanders beskou wat oorheersend in die groot handelsentrums was en krities oor die Songhai se tradisionele Afrika-oortuigingswas. Tydens Sunni Ali-bewind was Islam grootliks beperk tot die elite en stedelike bevolkings, terwyl die landelike gemeenskappe en 'n groter deel van die bevolking lojaal aan hul tradisionele Afrika-oortuigings gebly het.

[Vanaf https:// www.ancient.eu. Toegang verkry op 2 April 2019]

[

BRON 1D

Hierdie bronne beskryf die regering van die Songhai-ryk.

Die Songhai-ryk was 'n absolute monargie. Die hele ryk is deur een person naamlik die keiser regeer wat die direkte afstammeling van die eerste monarg was. Die keiser het as staatshoof, regeringshoof en hoofbevelvoerder van die gewapende magte gedien. Die keiser is deur raadgewers, godsdienstige leiers, veiligheidspersoneel en lede van die keiserlike familie gehelp wat met administratiewe pligte bygestaan het. Die keiser het finale gesag gehad om die wet, wat deur imperiale dekrete en proklamasies versprei is, te verander en verdrae met buitelandse state geskep. Die keiser het goewerneurs aangestel om die distrikte met die ondersteuning van die staatsamptenare te lei.

Die ryk is deur 'n magtige keiser geheers. Dit het 'n sentrale regering gehad wat verdeel is in uitvoerende ministers wat deur die keiser aangestel en afgedank is. Die ryk het ook 'n komplekse belastingstelsel gehad.

Die Songhai-ryk is in stedelike distrikte verdeel wat 35 stede en landelike gemeenskappe bevat het. Die gebiede wat die verste van die sentrale streek gele was het verowerde state en stamme bevat. Hul moes hulde moes bring en soldate vir militêre ekspedisies bydra.

[Vanaf https://. www.weeby.com. Toegang verkry op 12 April 2019]

SONGHAI-RYK VASVRAE

15 VRAE

NAAM: _____ **VAN:** _____

KLAS: _____ **DATUM**: _____

1. Waar was die Songhai-ryk gelee?

A: Suidelike-Afrika

B: West-Afrika

C: Oos-Afrika

D: Noord en Sentraal-Afrika

2. Wanneer het Songhai bestaan?

A: 1490 - 1567

B: 1455 - 1898

C: 14de eeu - 1591

D: 2000 - 2018

3. Watter ekonomiese stelsel het Songhai gebruik?

A: Die Christenlike stelsel

B: Die 'Ban' stelsel

C: Die stam stelsel

D: Die demokratiese stelsel

4. Watter godsdienste het die inwoners van Songhai beoefen?

A: Islam

B: Muslim

C: Christendom

D: Romeinse

5. Wie was die eerste belangrike heerser van Songhai?

A: Muhammad Ali

B: Sonni Ali

C: Muhammad I Askia

D: Askia Mūsā

6. Wanneer het Askia Musa sy pa onttroon?

A: 1524

B: 1528

C: 1518

D: 1624

7. Wanneer het hul tydperk van rykdom en vrede ge-eindig?

A: 1681

B: 1581

C: 1591

D: 1691

8. Deur wat is hul regeringsstelsel gelei?

A: Sharia-wette

B: Sharia Lay

C: Shary-wette

D: Sharian-wette

9. Wie het mates en gewigte met handel ingestel?

A: Askia Mohammed Toure

B: Sonni Ali

C: Muhammed I Askia

D: Hillary Clinton

10. Watter persentasie van elemente het Moslems bekendgestel?

A: 99.4%

B: 99.2%

C: 99.7%

D: 99.5%

11. Watter handelsroete het Sonni Ali oorgeneem?

A: Indiese

B: Trans-Sahara

C: Afrika

D: Afri-Sahara

12. Waar of onwaar? Die Songhai en Morokaanse koninkryke het teen mekaar tydens die burgeroorlog baklei.

A: Waar

B: Onwaar

13. In watter jaar het ‘n rebelgroep vir Askia Musa doodgemaak?

A: 1546

B: 1679

C: 1532

D: 1531

14. Waar of Onwaar? Askia Musa het sy pa en broers vermoor?

A: Waar

B: Onwaar

15. Hoe het die mense gedink dat Sonni Ali dood is?

A Hy het van honger en dors in die Sahara woestyn gedood

B Sy neef het hom vermoor

C Hy het in die Nyl verdrink

D Hy het in die Sahara versmoor

TOTAAL: / 15